Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 MAART 2013 OM 11:35

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)	Philander, D B (ANC)
Cleophas, J H (DA)	Rangasamy, M (DA)
Cloete, C M (ANC)	Sedeman, A C (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)	Sneewe, A M (ANC)
Fortuin, C (ANC)	Stanley, B J (DA)
Geel, B W (DA)	Stemele, O M (DA)
Humphreys, F S (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Hunsinger, C H H (DA)	Wilskut, W (DA)
Papers, C H (DA)	Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M van Zyl en J I van der Merwe.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Maart 2013 en bied die Speaker geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen om die item ter tafel te lê.

Artikel 34 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 bepaal dat 'n munisipale raad jaarliks sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet hersien ooreenkomstig 'n evaluering van sy prestasiemetings en tot die mate wat veranderde omstandighede dit vereis.

Dit is/...

4.1/...

Dit is die eerste hersiening van die 2012-2017 GOP en is genoodsaak deur die volgende veranderinge wat sedert Mei 2012 plaasgevind het, naamlik:

- die nuwe sensus gegewens wat einde 2012 bekend gemaak is. In sy voorwoord (by die notule aangeheg as Aanhangsel A) gee die Uitvoerende Burgemeester 'n volledige uiteensetting van die sensus gegewens, ook spesifiek in wyksverband;
- veranderings in die portefeuljekomitees van die Raad;
- nuwe vyfjaar begroting;
- substansiële veranderings aan Hoofstuk 7 (strategie);
- veranderings aan Hoofstuk 8 op grond van nuwe inligting wat vanaf Provinsiale Sektordepartemente ontvang is by die GOP Indaba van 13 Februarie 2013; en
- opdatering van die sektorale planne en beleid.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J H Cloephas)

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne as konsepplanne aanvaar word, en dat 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2013 gevolg sal word.

4.2 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2013/2014, 2014/2015 EN 2015/2016 (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2013/14, 2014/15 en 2015/16 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Maart 2013.

In sy voorwoord (aangeheg as Aanhangsel A) en in die repliek deur rdl C H H Hunsinger, word die volgende aanbevelings vir verdere ondersoek gemaak:

- goedkoper en meer spoedwalle;
- die byna leegmaak van die Perdeberg-dam teen einde Maart elke jaar;
- die bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- herstrukturering en uitkontraktering van verskeie munisipale dissiplines, onder andere:
  - onderhoud en verf van geboue;
  - verf van padstrepe en -merke;
  - lees van water- en elektrisiteitsmeters;
  - Yzerfontein hawe;
  - na-ure werk en bystanddiens;
  - koste-ontledings op nie-essensiële dienste vir moontlike uitkontraktering, onder andere telefoondienste, verversings vir personeel, ens;
- die aanbring van elektroniese waterbeheerstelsels;
- die oordra van die laaste huise in die behuisingskema aan die bewoners moet teen einde 2013 afgehandel wees;
- dringende aandag moet gegee word om die plaaslike ekonomie aan die gang te kry, deur onder andere die hersiening van die DC-beleid. Ontwikkelaars moet byvoorbeeld slegs vir die beskikbaarheid van water, bykans R10 000 aan die Weskus Distriksmunisipaliteit en meer as R6 000 aan die Swartland Munisipaliteit betaal;
- verminder bystanddiens met 15% in 2013/2014 en met 'n verdere 5% in die daaropvolgende twee jaar;
- verminder oortyd met minstens 10% in 2013/2014 en met 'n verdere 5% in die daaropvolgende twee jaar;
- spesiale aandag aan aspekte wat die ekonomie gaan bevorder om verstandig uit te brei;
- bepaal waar nuwe besighede gevestig behoort te word, hoe Swartland Munisipaliteit hulle kan help en wat gedoen moet word om te verseker dat besighede in die Swartland bly;
- oorweeg om alle vakante poste vanaf die organisasiestruktuur te verwyder, eerder as om te verwys na "die beursie is toe" en steeds die vakante poste aan te toon.

4.2/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming, en word beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met twintig stemme ten gunste daarvan, en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

(a) Dat die Raad die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

		Histories:		**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**: 2012/2013**	**R 86 848 463**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting	**: 2012/2013**	**R**	**R 89 008 975**
	Kapitaalbegroting	**: 2013/2014**	**R**	**R 94 064 336**
	Kapitaalbegroting	**: 2014/2015**	**R**	**R 73 545 967**
	Kapitaalbegroting	**: 2015/2016**	**R**	**R 73 304 760**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**		
	Totale Inkomste	**: 2012/2013**	**R 413 711 316**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**: 2012/2013**	**R**	**R 422 971 862**
		: 2013/2014	**R**	**R 476 410 884**
		: 2014/2015	**R**	**R 504 948 129**
		: 2015/2016	**R**	**R 528 353 315**
	Uitgawe	**: 2012/2013**	**R 439 237 837**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**: 2012/2013**	**R**	**R 436 386 824**
		: 2013/2014	**R**	**R 473 109 834**
		: 2014/2015	**R**	**R 528 203 388**
		: 2015/2016	**R**	**R 557 011 746**
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	**: 2012/2013**	**-R 25 526 521**	**R**
	Aansuiweringsbegroting	**: 2012/2013**	**R**	**-R 13 414 961**
		: 2013/2014	**R**	**R 3 301 050**
		: 2013/2014	**R**	**-R 23 255 259**
		: 2015/2016	**R**	**-R 28 658 431**

(b) Dat die begrotingsbedrae weens publieke kommentaar nie as finaal aanvaar word nie, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde effek van ‘n tariefverhoging op ‘n huishouding nie;

(c) Dat die Raad kennis neem van die voorlopige tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 8% soos deur ESKOM voorgeskryf. Dit word aanbeveel dat die Raad die elektrisiteitstarief met 6.8% gemiddeld verhoog, met die uitsondering van sekere tariewe soos aangeheg. Dat verder kennis geneem word van die verwagte verhogings oor die volgende twee finansiële jare van 7% vir 2013/2014 en 7.3% vir 2014/2015. Dit word verder voorgestel dat die goedgekeur elektrisiteits-tariewe vir 2013/2014 aan NERSA gestuur word vir hul finale goedkeuring;

(d) Dat die konsep kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2013/2014 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –

- belastings;
- tariewe;
- projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – (Mei 2013 Raadsvergadering)
  - (ii) Tariefbeleid – (Mei 2013 Raadsvergadering)
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – (Mei 2013 Raadsvergadering)
- besonderhede ten aansien van beleggings – (aangeheg)
- toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan - (Mei 2013 Raadsvergadering);

4.2/...

(e) Dat kennis geneem word dat weens die SMAF wat op 11 Maart 2013 gehou was en waar die GOP en Begroting reeds ter tafel gelê was, daar nie weer 'n oorlegplegingsproses met die gemeenskap gereël is vir April 2013 nie, maar dat die Uitvoerende Burgemeester van voorneme is om met geselekteerde groepe gedurende hierdie tydperk te konsulteer.

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes ingevolge begrotings-omsendbriewe en –formate ten opsigte van verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat kennis geneem word dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(i) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes, waarvoor 7% ten opsigte van sowel 2013/2014 as 2014/2015 begroot word, en 'n verhoging van 7% ook vir 2015/2016 te wagte is, teen die agtergrond van die kollektiewe ooreenkoms ingevolge waarvan salarisaanpassings soos volg ooreengekom is:

- vir die 2013/2014 finansiële jaar 'n aanpassing gebaseer op die gemiddelde Verbruikersprysindeks (VPI) plus 1,25%;
- vir die 2014/2015 finansiële jaar, 'n aanpassing gebaseer op die gemiddelde VPI plus 1%.

(j) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare tariewe en belastingrekeninge 'n verdere las op slegte skuld (uitstaande debiteure) plaas, wat lei tot 'n negatiewe kontantvloei met die gevolg dat krediteure en salarisse nie betaal sal kan word nie. Die negatiewe impak kan verder tot gevolg hê dat die Raad nie langer in 'n posisie sal wees om sy pligte ten opsigte van dienslewering na te kom nie. Die gemiddelde verhoging op 'n huishouding vir 2013/2014 sal ongeveer 7,5% wees;

(k) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekorte in die bedryfsbegroting en inligting vervat in die nuut ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige en daaropvolgende finansiële jare. Dat, veral kennis geneem word van die daling in kontant en kontantdekking wat minder is as die risiko-faktor van tussen 4 en 2 vir die buite jare (*outer years)*. Vir die volgende drie finansiële jare sal daar 'n bedryfsurplus wees van R 3 301 050 in 2013/2014 en bedryfstekorte van R 23 255 259 in 2014/2015 en R 28 658 431 in 2015/2016;

(l) Dat kennis geneem word van die voorwoord (hierby aangeheg as Aanhangsel A) van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en die repliek van rdl C H H Hunsinger daarop, en dat die versoeke voortspruitend, soos gelys in die aanhef, in die stelsels van die munisipaliteit opgeneem word.

4.3 VOORLOPIGE 2013/2014 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2013/2014 dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is 'n omsendskrywe (Mun Nr. 2/2013) vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang waarin die Munisipale Bestuurder versoek word om 'n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die wetlik-vereiste begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê wat sal bydrae tot 'n meer sinvolle beoordeling van die begroting.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit (in die afwesigheid van twee raadslede) beslis met twintig stemme ten gunste daarvan, en een raadslid wat buite stemming bly.

4.3/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aangehegte 2013/2014 dienslewering- en begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

GETEKEN:
SPEAKER